Stellenberg Lydenstyd

# JESUS ruik na MIRRE EN STOF



# Welkom!

Reuke is ‘n mens se sintuiglike geheue. Die reuk van vars beskuit herinner ons aan Ouma se kombuis of die reuk van vars gemaalde koffie herinner jou aan jou gunsteling koffiewinkel. Ongelukkig onthou ons ook die reuk van minder goeie gebeurtenisse, soos die grond-reuk langs ‘n geliefde se graf of die reuk van rook nadat ‘n eiendom afgebrand het. Reuke neem ‘n mens dadelik terug en laat ‘n mens onthou.

In hierdie lydenstyd gaan ons vir Jesus onthou aan die reuke wat heelwaarskynlik naby aan hom was, soos wat Hy sy reis na Jerusalem onderneem het om gekruisig te word. Somtyds was dit aangename reuke, soos lekker kos en wyn. Ander kere was dit onaangenaam, soos met sy sweet en nat grond, bloed en dood.

Deur al hierdie reuke gaan ons saam luister, lees, gesels en ontdek wie Jesus was en is, en wie Hy ons nooi om vandag te wees.
Hierdie reeks is gegrond op Pierre du Plessis se boek “Jesus ruik na Mirre en Stof”. Alhoewel jy nie die boek hoef te lees om die reeks te volg nie, is dit ‘n goeie boek om te lees. Skaf dit gerus aan.

**Belangrike beginsels vir die reeks:**
**Saam reis:** Ons gaan tydens lydenstyd elke Sondag oor 'n spesifieke tema preek. Verder is die reeks ontwerp vir groepe om saam te reis, daarom word jy ook uitgenooi vir ons Dinsdae aand groep geleentheid om 19:00 in die kerk om dieper te delf. Huidige aktiewe groepe word uitgenooi en indien jy nuut wil inskakel is jy welkom om by te woon waar jy aan 'n groep toegeken sal word vir hierdie 40 dae reis. Die materiaal sal ook op Vrydae beskikbaar wees deur om dit af te laai met die skakel wat geplaas sal word op Stellenberg Weekliks (Vrydae se gemeente Whatsapp groep). Jy kan die materiaal dus ook op jou eie behandel.

**Saam eet:** Gesamentlike etes was ‘n groot deel van Jesus se bediening. Almal was welkom aan Jesus se tafel. Om saam te eet bou en vier die gemeenskap van gelowiges. Elke maaltyd herinner ons aan Jesus wie se liggaam gebreek is en wie se bloed gevloei het ter wille van die vergifnis van ons sonde. Maak moeite om as groep tydens hierdie lydenstyd ook iewers saam te eet.

**Saam onthou:** Elke week bevat ‘n herinneringsteken, wat daarop gemik is om jou te help om die week se kerngedagte te onthou. Plak dit elke week op die yskas of teken sommer self die teken van die week en plaas dit iewers sigbaar in jou huis om dit gereeld te sien.

Mag die Here, deur hierdie reeks ons elkeen opnuut aan sy liefde, vergifnis en genade herinner.

# JESUS ruik na VIS

## Ruik...

**Die reuk van vis herinner 'n mens aan 'n vissershawe. Vandag fokus dit ons aandag op die vissersdorp Kapernaum waar mense God se verlossing op verskillende maniere beleef het.**


## Lees

**Lees Johannes 21: 1-19 saam.**

## Luister en Gesels

Die simbool van die kruis is eers ongeveer 400 jaar na Jesus se opstanding deur gelowiges gebruik om na die Christendom te verwys. Voor dit was die simbool van onder andere 'n vis gebruik. Waarom sou hulle kies om hierdie simbool te gebruik?

- Kan jy aan ander verhale dink wat in die omgewing van Kapernaum afgespeel het waarin vis 'n rol gespeel het? Dink ook aan verhale wat op die see van Galilea of die kus afgespeel het. Kyk of julle saam as groep 'n paar teksgedeeltes/verhale kan identifiseer.
- Hoe dink julle het mense in hierdie verhale Jesus se teenwoordigheid ervaar? Wat het het gemaak dat hulle gekies het om Hom te stroom?



Waarom sou die eerste gelowiges die simbool van 'n vis kies? Die Griekse woord vir vis is ICTHUS. Jesus se eerste navolgers het dit gebruik om uitdrukking te gee aan die volgende belydenis/insig: Jesus Christus, Seun van God, Verlosser. Kom ons gesels en dink oor die betekenis en impak van hierdie belydenis:

- Lees ook Matteus 9:35-36. Waarvan moes Jesus hulle verlos? Watter rol het lyding gespeel in mense se ontmoeting met Jesus en hulle verandering van perspektief?
- Op ons Stellenberg kerkmure staan geskryf: Jesus ons Verlosser leef - Stellenberg reik uit oor alle grense. Hoe ervaar ons vandag God se verlossing? Waarvan kom verlos God ons?

## Wandel

- Hoe dring God se verlossing ons om oor grense uit te reik en watter rol speel die ervaring van ons eie en ander mense se lyding daarin?
- Gesels in die groep oor huidige grense wat God ons roep om te oorbrug.

## Bid

Met watter ervaring laat vandag se fokusgedeelte jou? Gesels saam in die groep wat jy van die Here sou wou bid of vra?

Here, red ons van onsself.
Ons doen gereeld dinge oor en oor, en verwag elke keer 'n ander uitkoms.
Here, red ons daarvan om te besig te wees.
Ons gaan elke dag uit om vis te vang
Maar sien nie raak dat U alreeds met 'n maaltyd op die strand wag nie.
Here, red ons daarvan om te min te doen.
Ons sê ons is lief vir U.
En tog versuim ons gereeld om na U skape te kyk.
Here, red ons van onsself.
Help ons om te luister en te beweeg wanneer U sê: Volg My!
Amen